WellingtonINFO 2013.03.25

1. Probleme met waterrekeninge, die volgende epos was van Ingrid ontvang:

"Die afgelope twee maande se waterrekeninge van Drakenstein Munisipaliteit in Wellington is foutief. Ek het 'n skrywe per e-pos aan Mnr Mettler van Drakenstein Munisipaliteit gerig, waarop ek nog geen terugvoer ontvang het nie. Nadat meer en meer mense met ons oor hulle rekening gekla het, het ons met die Wellington rekeningafdeling gepraat en hulle het erken dat daar 'n fout is. Dit is toe opgevolg en reggestel.

Asseblief, mense moet gaan kla. As hulle dit nie doen nie, word daar niks aan die rekening gedoen nie. Die Drakenstein Munisipaliteit is oneerlik want hulle weet dat die rekeninge foutief is. Dit kom neer op bedrog! Slegs wanneer jy kla word die rekening reggestel.

Verlede jaar Januarie/Februarie (2013) het dieselfde gebeur. Hulle het nie meterlesers gedurende Desembermaand nie (vakansietyd) en ons as inwoners moet daarvoor opdok. En waar is ons raadslede? Hulle moet tog ook bewus wees van die probleem? Groete Ingrid"

2. Vermoedelik gesteelde eiendom gevind:

"Iemand het vroeg vanoggend of vannag 'n netjiese pers stoep bank voor ons huis in Joubertstraat gelaat. Dis vermoedelik iewers gesteel. Die betrokkenes is deur my buurman gestuur. Toe los hulle die bank hier op die sypaadjie. Ons het die polisie ontbied wie baie vinnig reageer het. Die bank is tans in hulle besit. Groete Anthea"

3. Diefstal van metaal

"My buurman in Wingfieldstraat se wasgoed paal het die mense wat scrap yster versamel, en steel, afgebuig en weg gedra, so ook die yster penne wat my erf penne is, het hulle probeer uitgrawe ten spyte van die feit dat ek dit jare terug laat vas konkreet het, ek dink iets moet gedoen word sodat hierdie diewe gestop kan word, kan daar nie opgetree word teen die scrap handelaars in Wellington, sodat dit verhoed kan word nie. Groete, Toit"

4. Dankie aan die Polisie:

"Ek wil net hê dat jy die info moet deur gee dit is n spesiale dankie aan die polisie span wat gister aand aan diens was, die in die kantoor so wel die span in die vangwa mnr. Williams en sy kollega wat ons vergesel het tot by die person se huis, hulle was baie vriendelik en ons as gesin waardeur dit op reg dit was in verband met my seun se selfoon wat gesteel was, ons het ten minste die simkaart terug gekry, nogmaals baie baie dankie aan hulle, word op reg waardeer. Groete George Riekert"

5. Slaggate by Stasie: Die volgende epos was ontvang in reaksie op die vorige nuusbrief

"Potholes" by stasie: Ek het Drakenstein munisipaliteit gekontak re die saak. Is op 'n ongeskikte en kort-af manier per e-pos ingelig dat dit nie hulle probleem is nie. Ressorteer glo onder Metrorail (...-fail?). Ek het versoek dat hul ook asb 'n skrywe rig re al die klagtes wat vanaf publiek ontvang word. Dit sou ons saak net soveel sterker maak. ... dawerende stilte. Ek het aan Metrorail geskryf ... dawerende stilte. Dankie aan Andre Marais van munisipaliteit wat gereageer het re my klagte oor ongeskikte respons. Nie le Roux"

6. Daar is nuwe foto's en inligting op die webtuiste geplaas tov gevonde en gesoekte eiendom / diere.
   Web skakel: http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/wellingtoninfo/gesoek-gevind/
   Die volgende is enkele voorbeelde:

   6.1 "Op Sondag 23 Mar. het 'n groen papegaai ons "bird feeder" kom besoek – Eikelaan omgewing, Well-Oos. Dit lyk goed versorg, maar was baie honger. Estelle 082 581 7041."

   6.2 "Ek het die aangehegte bril op my voorste grasperk te Bainstraat 13 opgetel. Miskien het iemand dit verloor, of dis dalk iewers gesteel. My kontakbesonderhede is: Jacques – 083 652 6594" Foto van die bril is op die webtuiste geplaas

7. Kan iemand dalk vir Daphne help met n goeie verwysing.

“Ons soek dringend na ‘n betroubare persoon met verwysings wat ons kan help met ‘n lekkende dak (en moontlik **ook** die verf daarvan). Kontaknommers: Daphne 021-8733093 of Christine 0832317027. By voorbaat dankie.”